JEUGLAND
EST. 1970
Jou sleutel tot sukses
Your key to success
Privaatsak, Birchleigh, 1621
Christoffelstraat, van Riebeeckpark, 1619
Tel: (011) 976 3038
E-pos: admin@jeugland.co.za
Webblad: www.jeugland.co.za

SKOOLFONDS 2020

Die jaarlikse skoolgeld vir 2020, soos aanbeveel deur die Beheerliggaam en goedgekeur op die Algemene Jaarvergadering van 28 Oktober 2019, is soos volg:

- Eerste twee leerders R24 850.00 elk waarvan R1 750.00 per leerder reeds betaal is in Desember 2019 en die verskil teen R2 100.00 per maand is betaalbaar oor 11 maande vanaf Januarie tot November 2020.
- Indien skoolgeld ten volle betaal is teen 28 Februarie 2020, sal een maand se afslag (R2 100.00) per leerder toegestaan word.

Skoolgeld word gehef vir 11 maande vanaf Januarie tot November en is maandeliks betaalbaar voor of op die 7de van elke maand. 'n Gedeelte van die skoolgeldpaaiement per leerling vir die daaropvolgende jaar, is in Desember van elke jaar betaalbaar.

Agterstallige skoolgeld

Die betaling van skoolgeld is kragtens die Skolewet, 1996 (No 84 van 1996) verpligtend. Tensy u volgens Artikel 39 van die Skolewet kwalifiseer vir vrystelling van skoolgeld, sal u aanspreeklik gehou word vir die invordering van skoolgeld. Ouers wat finansiële probleme het met skoolgeld betaling, kan 'n kwytskeldingsvorm by die kantoor aanvra en 'n afspraak met Mnr. A Heydenrych reël.

Betaal Metodes

- ***Elektronies***

Stuur asb. duidelike bewyse van die betaling met die leerling se rekeningnommer en leerder se van om verwarring op die bankstaat te vermy. Die bankbesonderhede is soos volg: **ABSA BANK, TAKKODE: 632005, TJEKREKENING: 260390449**. Enige navrae by die bank om die identiteit van 'n betaling op te spoor, is vir die koste van die betaler.

- ***Debiet of Krediet kaart***

Die skool beskik oor 'n debiet/Kredietkaart fasiliteit.

- ***Debiet order***

Om die risiko van kontant se hantering uit te skakel, doen ons 'n beroep op u om u skoolgeld betalings per debietorder te doen. Die voordeel van 'n debiet order is onder meer dat U nie kontant saam met U hoef te dra nie.